



**R  
R  
REISE**

**Rappard Reise bied aan, hul:**  
**“Blomme en bootjes”**  
**NEDERLAND LENTE-REIS**  
**April 2025**

**TARIEF 1 TOTALE PROGRAM MET ALLE UITSTAPPIES:**

Kamer deel: R39 500 per persoon wat deel \* Enkelkamer: R47 000 per persoon

**TARIEF 2 PROGRAM SONDER BELGIë-DAGUITSTAPPIE:**

Kamer deel: R38 000 per persoon wat deel \* Enkelkamer: R45 500 per persoon

Die epiese “**Blomme en bootjes**”-toer val saam met die beroemde sprokiestuin, Keukenhof se openingstye van slegs 6 weke per jaar. Saam met die vlugte (1 oornag elk) en die vertrekdag is die reis 10 dae lank – 7 nagte en 8 dae in Nederland. Rappard Reise se hantering van elke faset van jou sakpasreis gee die reisiger totale gemoedsrus en die geleentheid om sonder stres elke oomblik net ten volle te geniet. Groepe vertrek vanaf O R Tambo; toer begin amptelik in Nederland.

Vir Rappard Reise se toerleiers is Nederland en die Lae Lande hul absolute passie! Uitstappies word aangebied deur lede van die span soos byvoorbeeld, soms Henk Rappard; as gebore en getoë Nederlander wat graag sy land se geheime en wonders met reisgenote wil deel. Stephanie, sy Afrikaanse vrou en reisjoernalis, gee op haar beurt haar eie Suid-Afrikaanse perspektief op die land en sy mense. Van hul volwasse kinders gaan soms saam en dra by tot ‘n lekker energie! Die uitstappies word in ‘n soort *Afri/Dutch* aangebied wat baie deur toerlede geniet word.

**Hoogtepunte:** **Keukenhof** word besoek en ons gaan sommer baie van die water af ook doen, op oop (en half-oop) bote rondvaar. In Nederland word plekke soos **Den Haag**, **Scheveningen**, **Amsterdam**, **Gouda**, **Rotterdam** en **Delft** verken. Ritte deur **Lisse** en ander kleiner plekkies is ook op ons program. ’n Heerlike daguitstappie na twee van **België** se mooiste stede, **Gent** en **Antwerpen** waar kastele en sprokies mens hoendervleis kan gee! Ons monde hang oop as ons sien hoe die Hollanders die see uit die land hou en ons smul aan Nederlandse en Belgiese straatkos en lekkernye.

Mense wat op die dag van die België-uitstappie hul eie planne het, kan dit ook baie geniet as hulle iets lekkers beplan.

Reisgenote woon in ‘n oulike hotel in Den Haag vanwaar alle uitstappies gemaak word. Hul kan in hul vrye tyd rondstap, in winkels en markte rondsnuffel en tot laatnag kuier indien hulle wil.

Toerlede kom as vreemdelinge in Nederland bymekaar en gaan as vriende huis toe!



## BESKIKBARE DATUMS 2025:

Mense moet verkiekslik vir meer as een datum beskikbaar wees. Jy kan wel jou eerste keuse aanwys en ons sal daarby probeer hou maar wees

REISNAAM	VERTREK	LAND
<b>LENTE 1:</b>	Dinsdag <b>01 April</b>	Donderdag <b>10 April</b>
<b>LENTE 2:</b>	Dinsdag <b>08 April</b>	Donderdag <b>17 April</b>
<b>LENTE 3:</b>	Dinsdag <b>22 April</b>	Donderdag <b>01 Mei</b>

*Skoolvakansie: Vry 28 Mrt – Dins 8 April*

*LW Ons het nie 'n spesiale tydgleuf vir mense in die onderwys nie – daar kan dalk 'n ekstra dag of twee verlof geneem word om op ons Lente 1-toer te gaan.*

*Paasnaweek: Vry 18 April – 21 April Keukenhof: 20 Mrt – 15 Mei*

### Ingesluit by die prys:

- Verblyf in 'n en-suite hotelkamer wat ontbyt insluit.
- Toeristestadsbelasting.
- 'n Vliegtuigkaartjie-subsidie van R14 000 (*in Lente 2024 was die kaartjie gemiddeld R11 900*).
- 'n Paar tipies lichte Nederlandse etes/eetgoed tydens sekere uitstappies.\*
- Bus tydens uitstappies en van/na lughawe vir lede in groep van Jhb wat saam land. (*sien onder by Uitgesluit*)
- Water op bus tydens langer uitstappies.
- Trem- en treinkaartjies vir ons uitstappies.
- Keukenhof-ervaring – toegang, bus.
- Amsterdam en Rotterdam-kanaalbootvaarte.
- Daguitstappie na België.
- Leiding van talle uitstappies in Den Haag, Delft, Gouda, Scheveningen, ens.
- Bystand, inligting en raad om reisgenote behulpsaam te wees met elke faset van reisvoorbereiding.

\* *Ligte middaggetes, straatkos of lekkernye word daagliks aangebied, die koste daarvan sal deur die wisselkoers tussen Rand en Euro bepaal word – hoe sterker die Rand, hoe meer is beskikbaar in die begroting van die dag. Dit bly egter altyd heerlik!*

### Uitgesluit by die prys:

- Visumkoste – Nederlandse Schengen-visum – elkeen moet persoonlik gaan aansoek doen aangesien biometriese toetse gedoen word. Ons verskaf inligting.
- Reisversekering.
- Bybetaling indien benodig op vliegkaartjie en onverwagte verhoging van begrote pryse vir bv toegangskaartjies.
- Enige mediese toetse wat deur lande/lugrederye vereis mag word.
- Museum- en ander toegangskaartjies van eie keuse. Ons verskaf inligting.
- Persoonlike uitgawes/sakgeld vir aankope, drankies, ens. Ons verskaf info.
- Ekstra ete per dag. Reisgenote word geleer hoe om die heerlikste, goedkoop straatkos te geniet sodat die begroting daarvoor geensins hemelhoog hoof te wees nie (R250 per ete is haalbaar).
- Binnelandse aansluitingsvlugte tot by O R Tambo moet self deur toerlede gereël en betaal word.
- Indien mense met hul eie keuse lugredery wil vlieg, nie vanaf Johannesburg af wil vlieg nie of op verlengde reise gaan wat nie saamval met ons toer nie, sal hulle hul eie vliegkaartjie moet aankoop en op eie koste by die hotel arriveer (ons gee raad). Die genoemde vliegkaartjie subsidie sal van u toerprys afgetrek word om vir eie onkostes aangewend te word.

## Registrasie en Finansiële Inligting

### AANSOEK

Vul ten eerste die aangehegde **registrasievorm** in, betaal vir ons die registrasiefooi van **R300** in en stuur beide vir ons deur, asb. Dit is die eerste stap. Die inligting op die aansoekvorm gee ons die geleentheid om jou in jou gekose tydgleuf in te deel. Alternatiewe datums word ook na gekyk indien die eerste keuse volbespreek is of ons weens omstandighede iemand moet verplaas na 'n ander tydgleuf.




### BETAALBAAR 1, 2, 3

1. 'n Eenmalige registrasiefooi van **R300** is betaalbaar om jou detail op ons sisteem te laai en jou aansoek te regstreer.
2. 'n Deposito van **R6 000** per persoon is betaalbaar sodra jou aansoekvorm ingedien is (nie langer as 7 dae later nie) en ons vir jou 'n besprekingsbevestiging gestuur het.
3. **Deposito** kan ook by die afbetalingbedrag **ingesluit** word.
4. Die volledige uitstaande bedrag moet **op 1 Februarie 2025** volledig betaal wees, behalwe as anders oorengengkom. Weens praktiese reisreëlings en om nie plekke van ander mense te weerhou in die geval van kansellasie nie, is 'n eenmalige betaling op 1/2/25 nie 'n opsie nie. Aangesien groot uitgawes reeds in Desember gemaak word, moet ons al 'n redelike bedrag per persoon in die bank hê. Info word verskaf.

### AFBETALINGSOPSIES

Afbetalings word aanvaar en wel op die volgende wyse: *Voorbeeld: Reisbedrag van R39 500 ppwd minus Deposito van R6 000 = R33 500*. Deel die laaste bedrag deur die aantal maande wat oor is voor ons sperdatum en betaal die bedrag in gelyke paaiememente af.

2de Opsie is om die depositobedrag saam met die paaiement af te betaal. Die eerste R6 000 wat inbetaal is, is dan die deposito. Details sal op Bevestigingsvorm verskyn.



Plekke wat ons gaan ontdek sluit in: Den Haag, Scheveningen, Amsterdam, Delft, Gouda, Rotterdam, Keukenhof, Gent, Antwerpen, 'n wye verskeidenheid plattelandse dorpies, interessante landmerke en alles tussenin!